Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

17 Februarie 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 5 (2017)

1. SKOOLWEBWERF

Ons nooi u uit om ons skool se webtuiste te besoek. U kan o.a. die omsendskrywes wat reeds hierdie jaar uitgegee is, daar vind. Vir bv. verlede week se omsendskrywe, kliek op nuus en dan omsendskrywes vir 2017. Die omsendskrywes sal u dan daar kry.
Ons webadres is www.maraisviljoen.co.za.

2. ASSESSERING 2017

Assessering van take en projekte vorm ‘n belangrike deel van leerders se kwartaalpunte wat ook ‘n persentasie tel van die finale punt aan die einde van die jaar.

Die Gauteng Departement van Onderwys vereis dat leerders sekere take/projekte en toetse in ‘n kwartaal, wat geassesseer moet word, afhandel. Op ons webwerf sal u ‘n program van aktiwiteite vir elke vak en graad vind wat vir u ‘n aanduiding sal wees wat van u kind per kwartaal verwag word t.o.v. assessering.

Kliek op “akademie” en dan op “assessering” vir meer inligting.

3. INTERHOËR 21 FEBRUARIE

Die Interhoër waarvan ons deel is, vind op Dinsdag, 21 Februarie by Ruimsigstadion plaas. Slegs ons “Geesvanggroep” , wat bestaan uit alle graad 8- en 9-leerders wat minder as 50 strafpunte het en ‘n klein groepie uit ander grade, sal as toeskouers saamgaan.

Ons het besluit om hierdie jaar nie die skool vir die dag te sluit nie, maar om voort te gaan met ‘n normale skooldag. U word verseker dat sorg gedra sal word dat leerders sal voortgaan met akademie.

‘n Versoek word aan u gerig om nie toe te laat dat u kind tuis bly nie. ‘n Strafpunt van -30 sal gegee word aan leerders wat sonder ‘n mediese sertifikaat (doktersbrief) tuis bly of indien u hulle voor die einde van die skooldag kom haal. U ondersteuning word in die verband gevra.

4. AF- EN OPLAAISONES

Ons wil'n dringende beroep op al ons ouers doen om nie u kinders by die tandarts en kleuterskool oor die straat af of op te laai nie. Dit is privaat besigheidspersele en daarom nie af- en oplaaisones vir ons leerders nie. Dit is ook onveilig om die pad voor die skool oor te steek. Daar was al van ons kinders in ongelukke betrokke terwyl hulle die pad oorgesteek het. U kan u kind op die skoolgrond by die ingang in Bodminstraat aflaai of in Cradockstraat wat voor die skool verbyloop.

In die middae na skool mag die kinders ook nie buite die skoolgrond wag nie. Indien u hulle nie dadelik kan oplaai nie, moet hulle op die voorgeskrewe plekke wag, soos in die dagboek uiteengesit.Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik. Baie dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak in die verband.

5. OGGENDE VOOR SKOOL

Geen leerder wat alreeds die skoolgrond binnegekom het, mag die skoolgrond weer sonder toestemming verlaat nie. In die oggende voor skool mag die leerders dus nie in en uit die skoolgronde loop nie, as hulle in is, moet hulle binne bly.

6. RASSISME

Soos alreeds in omsendskrywe 3 gemeld, word geen rassisme by ons skool geduld nie. Leerders word versoek om hulle te weerhou van enige opmerkings of grappies wat as rassisties gesien kan word. Behandel almal met respek.

7. TOP 11 - 20

GRAAD 9

11.	ANIZE VISSER	84.89
11.	CALEIGH DE ANDRADE	84.89
13.	MEGAN HALL	83.94
14.	SUJANE GERICKE	83.89
15.	TSHEGOFATSO MATLABE	83.61
16.	SUMERE VAN STADEN	83.56
17.	NICHOLAS DE SA'	83.39
18.	JOANNE EATWELL	83.28
19.	DANIELLE HENNING	82.56
20.	REYGARDT HATTINGH	81.94

GRAAD 10

11.	MICHAELA RISI	82.22
12.	MILE LOUW	81.67
13.	SAVANA EVARISTO	80.56
14.	CHANEL BOTHA	79.33
15.	JESSICA VAN ZYL	79.22
15.	JASMIN AUBE	79.22
17.	CARLA HATTINGH	79.11
18.	DERIK VAN ZYL	78.89
19.	AMBER-LEE DONALD	78.44
20.	KEANU AUDIER	77.67

GRAAD 11

15.	ZJANRI RUTHVEN	73.67
16.	BUHLE NGCOBO	73.17
16.	KAMOGELO LETSOALO	73.17
16.	AMORE ELOFF	73.17
16.	LYDIA GREYLING	73.17
20.	CLAUDINE VAN HEERDEN	72.17
21.	KARLA DIPPENAAR	72.00
22.	NADINE LOURENS	71.83
23.	LIZANNE STROEBEL	71.17
24.	GAVIN HARRISON	71.00

GRAAD 12

15.	ISABEL VENTER	76.00
16.	FREDERICK SCHMIDT	75.50
17.	SIMONE FAIRMAN	75.00
17.	WERNER STEENKAMP	75.00
19.	MBALENHLE HLATSHWAYO	74.33
20.	BRIDGET ANDERSON	74.00
21.	KYLA UYS	72.83
21.	TENISHA ROOS	72.83
23.	JESSICA CORNELIUS	72.67
23.	CARLA VENTER	72.67

8. TOETS OP 20 FEBRUARIE

As gevolg van die Groter Albertonkampioenskappe op 20 Februarie, het ons besluit om die toets op daardie dag na 1 Maart toe te skuif. Daar sal dus geen toets op 20 Februarie geskryf word nie. Al die leerders het alreeds hulle aangepaste toetsrooster ontvang.

9. WISKUNDE EKSTRA KLASSE

Op Maandae gaan die leerders na hulle eie Wiskunde onderwysers van 14:15 – 15:15 toe vir ekstra klasse. Daar is egter ook ekstra klasse op Dinsdae en Donderdae vir graad 8 en 9 in kamer 7 by mev. Last. Vir die senior grade is daar ekstra klasse op ‘n Donderdag in kamer 22 by mev. de Villiers.

10. J9-FONDSINSAMELING

Soos u weet, het ons ‘n sivviedag gehou nadat Joost van der Westhuizen oorlede is. Die leerders het R10 betaal en iets groens aangetrek om hulle ondersteuning te wys. Ons is baie dankbaar om te kan sê datons R10 000 in die J9-rekening kon deponeer. Baie dankie vir u ondersteuning.

11. EERLIKE LEERDERS

Ons wil die volgende leerders bedank vir hulle eerlikheid. Zanrich du Preez, Hennie Fritz en Jayvian van Niekerk het geld opgetel en by die kantoor ingehandig. Baie dankie!

12. PROGRAM

Maandag 20 Februarie	GEEN TOETS NIE Atletiek: Groter Alberton Hulpklasse : Gr 8 – 12 Gholfproewe Kooroefening Graad 12 Engels groepredenaars	 14:15 – 15:15 17:45 – 21:00 19:00	 Reading Dainfern
Dinsdag 21 Februarie	Atletiek : Interhoër Tennis: Meisies Top 7 S-Gauteng liga		Ruimsig stadion Peaconwood
Woensdag 22 Februarie	Krieket: MV o/15A vs Waterstone Netbal: Dorpsproewe o/14,17,18 Wintersportproewe: o/14		Weg

Donderdag 24 Februarie	Graad 12 ekstra klas (K1) Netbal D16-proewe o/15,16 Swem	07:00 – 07:40	 Greenside
Vrydag 25 Februarie	Toets Krieket: MV1 vs EGJ1		 Weg
Saterdag 26 Februarie	Krieket: MV o/14A vs EGJ o/14A		Weg

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**